SENIORS' FINANCE



NIC CRAIG

## Truverbande:

# Wie sien om na die verbruiker se belange?



In die vorige uitgawe van Geld-Rapport is lesers vertroud gemaak met ons uitsluitlike huiswaardelenings, oftewel truverbande, bekend as SF HELP. Die publiek se reaksie was bemoedigend, maar daar kan dalk probleme wees.

Truverbande werk soos volg: huiseienaars ouer as 65 jaar bied hul eiendom aan as sekuriteit vir dié lenings. Die leningsbedrag word bepaal deur die waarde van die eiendom en die ouderdom van die eienaar. Groter lenings word aan ouer eienaars met meer waardevolle eiendom toegestaan: 'n 75-jarige sal byvoorbeeld in aanmerking kom vir 'n lening van 20% van die waarde van sy/haar eiendom.

Truverbande verskil van ander lenings in die sin dat daar geen maandelikse terugbetaling op die kapitaal of die rente gedoen hoef te word nie.

Die lening en opgeloopte rente word gewoonlik by die afsterwe van die lener terugbetaal ná die eksekuteur van die lener se boedel die eiendom verkoop het. Op dié manier kan leners hul kapitaal benut sonder om uit hul huise te trek of dit te verkoop.

Boonop kan hulle die leningsbedrag gebruik soos hulle verkies.

Ons was altyd daarvan bewus dat daar 'n groot vraag na truverbande in Suid-Afrika sal ontstaan. Die produk raak nou gewild en al hoe meer pensioentrekkers bekom op dié wyse van die kapitaal wat in hul huise opgesluit is. Sommige het die kapitaal selfs benut om hul aftreedrome te verwesenlik!

Talle senior burgers kan voordeel trek uit truverbande. Die probleem is egter dat die produk nog betreklik nuut op die plaaslike mark is en dat pensioentrekkers nie altyd kan onderskei tussen gebruiksvriendelike produkte van eerbare ondernemings en produkte wat deur twyfelagtige instansies aangebied word nie. Die blote verwysing na Masterbond, Saambou of Fidentia kan die gemiddelde leser laat terugdeins.

Seniors' Finance, as baanbrekers van die truverband-gedagte in Suid-Afrika, aanvaar die verantwoordelikheid om verbruikersbeskerming op dié terrein te skep. Die gedagte dat goedgelowige pensioentrekkers ingeloop word en sodoende hul huise kan verloor, is allermins aanvaarbaar. Gevolglik het rolspelers in die bedryf – met inbegrip van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Afgetredenes (SAVA), wat uiteraard pensioentrekkers se belange verteenwoordig, teen einde verlede jaar 'n vereniging vir die beskerming van truverbande as waghond geskep. Die naam daarvan is die South African Home Equity Release Protection Association (SAHERPA).

SAHERPA se oogmerk is om senior burgers se voordele uit truverbande te bevorder in ooreenstemming met hul gedragskode.

Elke onderneming, waaronder Seniors' Finance en ander soortgelyke verskaffers van truverbandlenings wat geakkrediteer wil word, moet SAHERPA toelaat om 'n onafhanklike oudit te doen waarmee bevestig kan word dat hulle voldoen aan die SAHERPA-gedragskode.

Die gedragskode is van deurslaggewende belang vir verbruikers en verskaf antwoorde op vrae soos:

- Sal 'n lener met waardigheid en respek behandel word?
- Sal leners toegelaat word om die res van hul lewe in hul huise te woon?
- Word die koste verbonde aan truverbande duidelik getoon? en
- Word kontraktuele waarborge aan leners verskaf wat bevestig dat hulle nooit meer as die waarde van hul eiendomme sal skuld nie, al sou sake skeefloop?

Seniors' Finance is die eerste Suid-Afrikaanse verskaffer van truverbande wat deur SAHERPA geakkrediteer is. Ons voldoen (en oortref) SAHERPA se gehaltepeil.

Suid-Afrikaanse verbruikers trek dus reeds voordeel uit die gedragskode en word gemoedsrus gebied deur die akkreditasie.

Ongelukkig sal nie alle verskaffers van truverbande noodwendig by SAHERPA om akkreditasie aansoek doen nie. Selfs al sou hulle, sal sommige se aansoeke misluk omdat hulle nie aan die nodige vereistes voldoen nie.

Verbruikers behoort sodanige mislukte aansoeke as 'n ernstige waarskuwing te beskou omdat hulle aan onaanvaarbare risiko's blootgestel kan word as hulle sake met sodanige mislukte aansoekers sou doen.

Mense wat dus navrae oor truverbande doen, moet seker maak dat die onderneming die teken vertoon wat aandui dat hy 'n geakkrediteerde lid van is. Indien die onderneming – selfs grotes of bekendes – nie die teken vertoon nie, doen navraag hoekom hulle nie by SAHERPA geakkrediteer is nie.

**Nic Craig is besturende direkteur van Seniors' Finance. Nog inligting is beskikbaar by ☎ 0860-736-467 / 0860 SENIOR of op die webwerf: www.seniorsfinance.co.za.**